# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

**17 MEI 2026 Nr 20**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Predikant:** | ***Ds Kobus Botha*** | **Skriba/** | ***Pieter du Plessis*** |
| | **051 436 2930/082 410 7447** | **Koster:** | **082 570 1804** |
| **Orrelis:** | ***Louri Coetzee*** | **Kerkkantoor:** | **Telefoonnommer: 051 436 2932** |
| | **083 776 6989** | **Kantoorure:** | **Per afspraak** |
| **Diakonie:** | **Voorsitter: *Muller Heyns*** | **Posadres:** | **Posbus 28182, DANHOF 9310** |
| | **072 469 7778** | **E-posadres** | **kantoor@gkbfnnoord.co.za** |
| **Susters:** | **Voorsitter: *Ester Botha*** | **Webwerf:** | **www.gkbfnnoord.co.za** |
| | **072 784 9451** | **Facebook:** | **https://web.facebook.com/gkbfnnoord** |
| **Katkisasie:** | ***Karien van Rooyen*** | **Kassier:** | ***Mariza Mosca*** |
| | **079 888 8910** | | **082 405 8565** |
| **Lesotho Uitreik/** | ***Kerkkantoor*** | **Bank Kerk:** | **ABSA (632005) Tjekrekeningno 1570 340 065** |
| **Evangelisasie:** | **082 570 1804** | **Bank Diakonie:** | **ABSA (632005) Tjekrekeningno 0470 280 026** |

**VERJAARSDAE**

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17 Mei: Piet Mosca Jnr | 071 352 8915 | 22 Mei: Jeadri Mosca | 071 352 8915 |
| 20 Mei: Br Daniël van Eeden | 072 117 4835 | 22 Mei: Br Nico van der Walt | 082 550 2227 |
| 21 Mei: Br Gideon Swart | 078 982 7093 | 23 Mei: Br Fanus le Roux | 082 900 9561 |
| 21 Mei: Sr Lenie Geyer | 082 742 9040 | 23 Mei: Sr Ronél van der Walt | 051 436 3582 |

## BR HENNIE JANSE VAN RENSBURG OORLEDE

Met leedwese word die afsterwe bekend gemaak van
***br Hendrik James Janse van Rensburg***
van Hillandale in die ouderdom van 88 jaar. Br Hennie is Maandag oorlede nadat hy vir 'n paar weke in die hospitaal was. Hy en sr Sterna het in 2019 vanaf Venterstad by ons gemeente aangesluit. Ons dra vir sr Sterna, hulle kinders en kleinkinders aan die Genadetroon van ons Hemelse Vader op en ons bede is dat Hy in hierdie moeilike dae vir hulle ryklik sal vertroos en bemoedig. Die begrafnisdiens het Donderdag, 14 Mei 2026, vanuit ons kerkgebou plaasgevind.

## VERANDERING VAN WYKE EN BROEDER TER APPROBASIE AS OUDERLING

Tydens verlede week se Kerkraadsvergadering is die volgende verandering in wyke deur die kerkraad aanvaar:

- Die wyk *Fichardtpark* word toegeken aan ***Oudl Pieter van Rooyen***, tans ouderling in die wyk *Santé*.
- Lidmate wat in Bewarea Aftree-Oord woon, tans deel van die wyk *Sewe Damme,* sal voortaan onder die wyk *Leo van der Heeverstraat,* waarvan ***oudl Gert Coetzee*** die ouderling is, sorteer.
- Lidmate wat in Sewe Damme Aftree-Oord woon, bly in die wyk *Sewe Damme* en sal deur ***oudl Wynand van Tonder*** besoek word.
- Die enigste vakante wyk is *Dealeweg* wat hoofsaaklik bestaan uit lidmate wat buite die stadsgrense woon en wat deur ds Kobus besoek word.

  **Broeder ter approbasie:**

  Om as ouderling in die wyk *Santé* te dien, word die naam van ***br Piet Botha*** ter approbasie aan die Gemeente voorgehou.

  *Ons bid hom die seën van die Here toe by die oorweging van die roeping!*

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die GKSA se ***Sustentasiefonds.***

## KATKISASIE EN TEEBEDIENING

Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Dit is die beurt van wyk ***Eeufeesweg*** en ons bedank byvoorbaat diegene wat daarmee behulpsaam gaan wees. Volgende Sondag sal wyk ***Fichardtpark*** aan die beurt kom.

## GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**Gemeentebou aksies:**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

## ONS DINK AAN...

- ***Sr Ronel van der Walt*** van Tibbie Visserlaan 9B wat DV Maandag 'n knievervangingsoperasie in Rosepark ondergaan. Mag sy en ***br Fanie*** die Here se nabyheid ondervind en ons vertrou dat dit suksesvol sal afloop aangesien sy alreeds voorheen dieselfde operasie moes ondergaan.
- ***Dr Frans de Bruyn***, emerituspredikant van die GK *Klerksdorp,* voorheen hulp-predikant van ons gemeente en tans hulp-predikant van die GK *Vaalharts,* wat in die plaaslike Mediclinic opgeneem is nadat hy 'n ligte beroerte gehad het. Dit gaan onder die omstandighede goed met hom en toon hy goeie vordering. Ons dra hom aan die Genadetroon van ons Hemelse Vader op en bid hom 'n spoedige en volkome herstel toe!

## GEMEENTE INLIGTINGSESSIE

Daar sal DV Sondag, 24 Mei 2026, direk na die erediens 'n kort inligtingsessie gehou word om die gemeente in te lig oor die stand van ons finansies waarna die katkisasie en teebediening normaalweg sal voortgaan.
Die Finansiële Kommissie sal 2025 se finansiële syfers asook 2026 se begroting voorhou.

## TOERUSTINGSESSIE

'n Toerustingsessie vir die Kerkraad, Diakonie en lidmate word weer hierdie Sondag om 08:30 in die konsistorie gehou. Ds Kobus behandel tans die Kerkorde en almal is welkom om dit by te woon.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroepe aanvaar:*

- Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Witrivier.

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE TWEEDE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| Sondag ***24 Mei*** | Gemeente Inligtingsessie |
| Sondag ***31 Mei*** | Spesiale Breë Kerkraadsvergadering |
| Sondag ***07 Junie*** | Ouderlinge en Diakonie vergadering afsonderlik |
| Sondag ***14 Junie*** | Voorbereidingsdiens |
| Maandag ***15 Junie*** | Spesiale Skoolvakansiedag |
| Dinsdag ***16 Junie*** | Jeugdag |
| Sondag ***21 Junie*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| Vrydag ***26 Junie*** | Skole sluit |



Ten bate van Lettie Fouché Sentrum

Versamel plastiekproppies
en oorhandig aan
Sr Machteld du Plessis
073 251 9286

GELOOF EN LIEFDE

GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-NOORD



# DIAKONIE HELP MET VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

# KLERE DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.

BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

## LITURGIE TYDENS EREDIENS


Skriflesing : Handelinge 6:8-15 en 7:54-60
Teks : Handelinge 7:56
Sang: Lb 168:1,2,3
: Ps 66:1,2
: Ps 25:5,6
: Ps 18:13,14
: Sb 14-3:1,4

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Tog is die Here gretig om julle genadig te wees en wil Hy Hom oor julle ontferm: Die Here is 'n God wat reg laat geskied, en dit gaan goed met elkeen wat op Hom vertrou.

Jesaja 30:18

## Hulpsentrum



**As jy lees, kan jy begin droom. As jy droom van 'n beter lewe, kan jy dit bereik. Help ons om kinders se lewe beter te maak.**

**Skenk asseblief ou of nuwe kinderboeke vir Kareefontein Primêr in Venterstad se nuwe biblioteek.**

**Dankie dat u omgee. Nerina 082 884 4465**

## Hulpsentrum **Winkel**



DIE Hulpsentrum Winkel in Venterstad verkoop u skenkings ten bate van die 2 Sopkombuise waar 400 kinders daagliks kos kry. Daar is 'n groot behoefte aan HUISWARE, GORDYNE, LAKENS en KINDERKLERE.


Ons waardeer elke bydrae. Baie dankie dat u omgee.
**0723909019**



**MERK ASSEBLIEF U SKENKING: VENTERSTAD.**




Geldelike bydraes kan deur middel van die volgende skakel inbetaal word: [https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum](https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum)




# Inhoud

*Mei 2026*

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**JAARGANG 127, NO. 3410, MEI 2026**


1 Van die redakteur: Die bediening van die opgestane Here
2 Jesus se verskyning aan Maria Magdalena
4 Die vroue by die graf
6 "En vir Petrus ..."
8 Christus en die Emmausgangers
10 Vrede vir twyfelaars
12 By die see van Tiberias
14 Jesus herstel Petrus in sy diens
16 Jakobus: van 'n ongelowige broer na 'n slaaf
17 Meer as 500 ooggetuies
18 Opgestane gelowiges verskyn aan baie mense
20 *Die Kerkblad* kuier by ... Henk Schalekamp
23 Stoker se denke leef voort
24 Griet se Storie: Ons 40 jaar op pad na die beloofde land (Mei 1986 – Mei 2026)
26 Eers dit ... Samewerking tussen diaken en ouderling
28 Die ware Israel en Israel vandag
30 Die trek na Argentinië (3): 'n Gemeente ter see gestig

32 Kleinadvertensies

Korter nuusbrokkies deur die blad versprei






**REDAKSIEKOMMISSIE**

| | |
|---|---|
| REDAKTEUR: | Ds. C Aucamp |
| KOPIEREDAKTEUR: | Mev. J Fourie |
| ADDISIONELE LEDE: | Mev. V de Kock, mev. G Swanepoel, JG Noëth, prof. DF Muller, ds. GP Meijer, prof. IW Ferreira |

EUROPESE KORRESPONDENT: Dr. VE d'Assonville

**Adresbesonderhede:**

- Die Redakteur, Die Kerkblad; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Angie, 018 297 3986; tydskrifte@gksa.co.za
- **Intekengeld** (Admin Buro, by ABSA rek. 670140040)

| | |
|---|---|
| Gedrukte weergawe sonder koerierkoste | R390 per jaar |
| Gedrukte weergawe in groep gekoerier | R590 per jaar |
| Elektroniese weergawe | R165 per jaar |
| Waar posadres nog verkies word | R590 per jaar |

**Nuwe of hernude intekening kan geskied deur die bewys van betaling saam met u naam, telefoonnommer, e-pos en fisiese adres te stuur aan tydskrifte@gksa.co.za. Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

*EIENAARS EN UITGEWERS*
*Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.*


*Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.*